


God roep Ons en Hy wag op ons antwoord

Jesaja 6:8 - Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my.

1. JESAJA SIEN GOD SE HEILIGHEID

Jesaja 6:1–4

“IN die sterfjaar van koning Ussía het ek die Here sien sit op 'n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul het. Serafs het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg. En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol! En die drumpelposte het gebewe van die geluid van die roepers, en die huis het vol rook geword.”

2. JESAJA ERVAAR GOD SE REINIGING

Jesaja 6:5–7

“5 Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die Here van die leërskare, gesien!6Maar een van die serafs het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het,7en my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen.”

1 Johannes 1:9

“As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.”

3. GOD SE ROEP KOM EN JESAJA REAGEER GEWILLIG

Jesaja 6:8

“Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my.”

God dwing nie, Hy nooi elkeen van ons individueel uit. Hy gee vir ons elkeen daai besluit of keuse. maar Hy soek ’n gewillige hart.

Matteus 9:37–38

“Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur.”

“Here, ek gee U my lewe. Gebruik my soos U wil.”

Efesiërs 2:10

“Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.

4. JESAJA WORD GESTUUR, ROEPING LEI TOT AKSIE

God se roeping vereis gehoorsaamheid.

Hy roep nie sodat ons net bemoedig voel nie; Hy roep sodat ons Sy wil uitleef in die wêreld.

Galasiërs 6:9

“En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie.”

Handelinge 1:8

“maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.”

2 Korintiërs 3:5

“...maar ons bekwaamheid is uit God,.”

“Wie sal Ek stuur, en wie sal vir ons gaan?”